trinitas

1 Verlos

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 15 APRIL 2018

OGGEND 09:00

GOD MAAK ONS OË OOP OM CHRISTUS WERKLIK TE SIEN VIR WIE HY IS

Skriflesing: Markus 9:2-8

Perspektief is baie belangrik. Dit gee aan ons die insig om 'n saak op die regte manier te sien binne die nodige konteks. In Markus 9 sien ons hoe mense perspektief kan verloor wanneer hulle met die waarheid gekonfronteer word.
Petrus staan vreesbevange voor Christus in sy verheerlikte vorm – en hierin probeer hy Christus inperk. Maar God maak dit vir ons duidelik dat Jesus self die gesalfde Seun van God is.

AAND 18:00

SONDE – OM JOU DOEL TE MIS

Hoe kan ek doen wat reg is as die samelewing deurlopend die maatstaf vir reg en verkeerd verander? Vanaand gesels ons saam oor wat werklik sonde is en hoe ek ware selfondersoek kan doen om tot die besef te kom dat ek Christus werklik nodig het.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag, 17April
Bybelstudie 18:30

Woensdag, 18 April
Bybelstudie 09:00

Vrydag, 20 April
Manne-oggend 05:30

SONDAGAANDE: 2E KWARTAAL

Datum	Geleentheid
15 April	Aandbyeenkoms
22 April	Aandbyeenkoms
29 April	Langnaweek
6 Mei	Aandbyeenkoms
13 Mei	Aandbyeenkoms
20 Mei	Aandbyeenkoms
27 Mei	Nagmaal
3 Junie	Aandbyeenkoms
10 Junie	Aandbyeenkoms
17 Junie	Aandbyeenkoms
24 Junie	Geen Aandbyeenkoms
1 Julie	Geen Aandbyeenkoms
8 Julie	Geen Aandbyeenkoms
15 Julie	Geen Aandbyeenkoms

facebook.com/GKTrinitas

LIEF EN LEED

- Jan Swanepoel ☎0828422592 is steeds ernstig siek in Donald Gordon hospitaal.
- Joggie Scheepers ☎0832582395 is die afgelope week geopereer.
- Hansie Koekemoer ☎0835002320 is ontslaan uit die hospitaal.
- Dit gaan beter met Anne-Marie Snyman ☎0798756743 na haar operasie.
- Koos en Babsie Jacobs ☎0836505227se kinders het 'n gewapende roof in hul meenthuis gehad. Hulle is gelukkig ongedeerd.
- Hartlik geluk aan Dewald en Jenny Pieters ☎0832582314 met Leoné se verlowing.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!
(VAKANSIE S'N INGESLUIT)

15/04	Elmoné Morland	☎0748560429
15/04	Christiaan Snyman	☎0836164705
16/04	Ferdi Terblanche	☎0846573434
19/04	Christian Prinsloo	☎0725926364
19/04	Michelle Smit	☎0836653535
19/04	Phillip vd Linde	☎0727976507
20/04	Magda du Plooy	☎0747235259
20/04	Harald Guttner	☎0834533748
21/04	Pieter Broersma	☎0605084535
21/04	Siné Grobler	☎0822131706
21/04	Werner Venter	☎0834681489

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS

19 Apr.	Ernst en Louise Bolt ☎0829697311	10 jaar

SPESIALE VERJAARSDAE(80 jaar en ouer) en HERDENKINGS(50 jaar plus)

Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.

NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

BYBELSTUDIES

Dinsdae om 18:30. Stinkhoutsingel 18 (Christa Snyman ☎0798779882).
Woensdae om 09:00 by die kerkgebou. (tensy anders per SMS gekommunikeer)

TEESKINK

Vanoggend skink Anne-Marie Snyman se groepie. Sondag, 22 April skink die Lotuslanders tee. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

VERJAARSDAGTEE

Die volgende verjaarsdagtee vind op Sondag, 6 Mei plaas.
Gasvryheiddiensgroep.

DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afsprake. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

3 Dienskneg

OUDERLINGE AAN DIENS

Pieter van Helden, Doep du Preez

DIAKENS AAN DIENS

NF van Tonder, Michiel J van Vuuren

ORRELBEGELEIDING

09:00 –Nannes vd Walt

KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas
15/04 – Effata (dowes)
22/04 – Deputate Jeugsorg

DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegniese span.

GEHOORAPPARATE

Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6
Sondae 16:30: Graad 7 – 11

Beplanning vanaf Sondag, 15 April:

Graad 1 – 3: Eenheid 3-5

- Vergewe ander.
- Jesus lewe!
- Vertrou en gehoorsaam God.

Graad 4 – 6: Eenheid 3-5

- Walk with Jesus
- Elijah depens on God
- Elisha shows God's love

Graad 7 – 9

Home and family: Our earthly families & Our heavenly families
GENESIS: The very beginning; More beginnings

Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

Alle jeugleiers werk so ver moontlik volgens die beplanning. Indien daar verandering is, sal dit deurgegee word. Sorg asb. dat u of u kind op die betrokke graad se WhatsApp groep is. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte. Gebruik gerus die temas tydens gesinsbybelstudie.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik. Enige persoon wat graag hier wil dien, kan met Petra Tromp kom gesels. Kontak haar gerus☎0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

MEDEWERKERS

Ons het nog medewerkers nodig. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

DIENSGROEPE

Agter in die saal, langs die welkom-toonbank, is daar plakkate met al Trinitas se huidige diensgroepe. Kontak gerus die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Indien jy belangstel, kontak vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.

KOSPAKKIE DIENSGROEP

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy enige van die volgende items aankoop **(plaas dit in die groot houer in die saal)**: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, sjampoe, toiletseep, koekie Sunlight seep, toiletpapier, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Gee gerus jou naam aan Jolani Lourens ☎0823359586 om te kom help pak.

VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak voorlopig vir NF van Tonder☎0823356698 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

Kunste-span

Koördineerder:
Pieter van Helden

Tel: 083 969 4472
E-pos: vheldenp@gmail.com

Doel van die diensgroep

- ✓ Om alle kunsvorme tot eer van God aan te wend en daardeur die eredienste en ons gemeente se spiritualiteit te verryk
- ✓ Spesiale eredienste (bv. Kerssangdiens, Paasfees) aan te bied as tematiese fokuspunte in gemeentelewe

Bedieningsgeleenthede

Nog baie geleenthede vir deelname en koördinasie in elkeen van hierdie bedieninge!

Spanafdelings

- ✓ **Uitvoerende kunste:** Voorafsang, musiekspan ('band'), orreliste, voorlesing, drama, voordrag, ens.
- ✓ **Skeppende kunste:** Installasiekuns, skilderkuns, loodglaswerk, fotografie, skryfkuns, poësie, video, *presentations*, ens.

Die HELPER

DIE HELPER is 'n *diens* wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakte of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎0832561387.

4 Gestuur

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Kontak: Gert Visser ☎0834491036

Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

Trinitas CIA Christus in Aksie

Kontakpersoon:
Hardus Visser
☎0828215642

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare items by die herwinningsarea af tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer.
Ons herwin ongelukkig nie algemene kombuis- en tuinafval, babadoeke, stukkende ruite, verfhouers of plastieksakke nie en vra dat dit asseblief nie by die herwinning afgegee sal word nie.
Maureen van Helden ☎0923922093.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR APRIL

17 Apr. Nuwe Intrekkers funksie
22 Apr. Diakonievergadering
27 Apr. Vryheidsdag

GKSA NUUS

BEROEPE AANVAAR

Ds. GP van Rhyn (Gerhard) van Rietvallei na Komatipoort.

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- Geopende Deure
- FEBA Nuus

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

KLEIN ADVERTENSIES

- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop van tyd tot tyd hoenders en groente. Kontak hom gerus vir pryse.
- Danie en Marietjie Potgieter ☎0729363360 / 0169331438 verkoop tuisgemaakte koeksisters @ R30 per dosyn.
- Algemene herstelwerk, kontak Renier ☎0748917646.

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110
Koster: Elsa Prinsloo 0794778699
Afloskoster: Jan Swanepoel 0828422592
Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449
Diakonie bankbesonderhede:
ABSA Tjekrekening 530340457
Predikant: Peter Venter
☎0797338778
peter@gktrinitas.co.za

NATUURLIKE KERKONTWIKKELING

Holistiese kleingroepe

Groeiende kerke en funksionerende kleingroepe loop dikwels hand aan hand. Tog is dit belangrik om te verstaan wat kleingroepe in wese is. Dit is 'n geleentheid waar gelowiges in kleiner groepe saamkom. Nie net om Bybelversies met mekaar uit te ruil nie, maar om saam met medegelowiges Bybelse waarhede toe te pas in die daaglikse lewe.
Kleingroepe hoef nie 'n formele groep te wees waar mense geforseer word om op 'n ongemaklike wyse oor die Bybel te gesels nie. Daarom is die vertroue wat ons in mekaar het en die verhoudings wat ons met medegelowiges bou die grondslag vir 'n gesonde kleingroep.
Kleingroepe kan dus enigiets wees, van 'n informele saamwees, 'n meer formele vorm van Bybelstudie of ander samekomste van gelowiges, soos bv. Trinitas se Manne-oggend.
Die wese van die kerk van Christus lê daarin om selfs in klein groepies (soos kleingroepe) kerk te wees en die Bybelse insigte deel te maak van jou daaglikse lewe.